

SNOESIGE BABA

BENODIGDHEDE: 3 bolle Sirdar Baby Twinkle-vierdraadgaring (50-g-bolle); 'n paar elk breinaalde van 3,25 mm en 3 mm; 3 knope vir bababaadjie; 1 meter lint van 1,5 cm breed vir kappie; 1,50 m smaller lint vir steweltjies en vuishandskoentjies.

MATE: Baadjie: Lengte 24 cm; onder arm tot soom 14 cm; mounaat 14 cm. **Kappie:** Voorrand 33 cm. **Steweltjies:** Sool 9,5 cm. **Vuishandskoentjies:** Rondom handjie 12 cm.

SPANNING: 28 steke en 34 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,25-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder (deur twee keer in dieselfde steek te brei); vermin - verminder (deur twee steke tesame te brei); r2tes adl - brei twee steke regs tesame agter deur lusse; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs deurgaans); rs - reksteek (= elke ry regs); gvt - garing vorentoe om 'n steek te maak; gl - glip; t2gso - trek twee glipsteke oor; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; ulg - volgende.

BAADJIE

ROMP (aaneengebrei tot mousgat): Stel 211 steke met 3-mm-breinaalde op en brei vier rye reksteek.

Vlg ry: Brei 5 ste regs en plaas dié steke op 'n haakspeld, brei regs tot 5 steke oorbly, draai en plaas die laaste 5 steke op 'n haakspeld — 201 steke.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei siersteek van 16 rye soos volg:

1e ry: r4, (gvt, r2tes adl, r6) tot 5 ste oorbly, gvt, r2tes adl, r3.

2e en alle ewe rye: Deurgaans aw.

3e ry: r2, (r2tes, gvt, r1, gvt, r2tes adl, r3) tot 7 ste oorbly, r2tes, gvt, r1, gvt, r2tes adl, r2.

5e ry: r1, (r2tes, gvt, r3, gvt, r2tes adl, r1) tot einde.

7e ry: r3, (gvt, gl2 regsgewys, r1, t2gso, gvt, r5) tot 6 ste oorbly, gvt, gl2 regsgewys, r1, t2gso, gvt, r3.

9e ry: r8, (gvt, r2tes adl, r6) tot 1st oorbly, r1.

11e ry: r1, (gvt, r2tes adl, r3, r2tes, gvt, r1) tot einde.

13e ry: r2, (gvt, r2tes adl, r1, r2tes, gvt, r3) tot 7 ste oorbly, gvt, r2tes adl, r1, r2tes, gvt, r2.

15e ry: r2tes, gvt, r5, (gvt, gl2 regsgewys, r1, t2gso, gvt, r5) tot 2 ste oorbly, gvt, r2tes adl.

16e ry: Deurgaans aw.

Brei 31 rye patroonsteek.

Verdeel vir agterpant en voorpante: **Vlg ry:** aw47 en plaas dié steke op 'n reserwenaald vir linkervoorpant, heg 5 ste af, brei 94 ste aw en plaas hulle, plus die een wat op naald agtergebly het, op 'n reserwenaald vir agterpant, heg nog 6 steke af, brei aweregs tot einde en brei voort op oorblywende 47 ste vir regtervoorant.

REGTERVOORPANT: Hou patroon deurlopend korrek en verminder 1 steek aan mousgatrand in volgende 7 rye — 40 steke.

Vlg (vermin) ry: aw1, (aw2tes, aw1) tot einde — 27 ste. Knip garing af en plaas dié steke op 'n reserwenaald.

AGTERPANT: Met regte kant voor heg



garing aan die 95 steke op reserwenaald vas, en verminder 1 steek aan weerskante van volgende 7 rye — 81 steke bly oor.

Vlg (vermin) ry: (aw2tes, aw1) tot einde — 54 steke bly oor.

Knip garing af en plaas steke ook op 'n reserwenaald.

LINKERVOORPANT: Met regte kant voor, heg garing aan die 47 ste op reserwenaald vas en brei soos regtervoorant.


MOUE (2): Stel 37 steke met 3-mm-breinaalde op en brei 4 rye reksteek.

Vermeer-ry: (r2, vermeer) tot laaste steek, r1 — 49 steke.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 16 rye patroonsteek soos uiteengesit vir agterpant.

Neem die ekstra steke in patroon op soos hulle voorkom, en vermeerder 1 steek aan weerskante van volgende ry. Vermeerder

STELLETJIE



daarna 1 steek aan weerskante van 3 daaropvolgende 8e rye — 57 steke. Brei 5 rye patroonsteek.

Moukopingvorming: Heg 3 steke af aan begin van volgende 2 rye en verminder daarna 1 steek aan weerskante van volgende 7 rye — 37 steke.

Vlg (vermin) ry: aw7 (aw2tes, aw8) tot einde — 34 steke.

Plaas steke op 'n reserwenaald.

SKOUERSTUK: Met verkeerde kant voor, glip die 27 steke van linkervoorpant, 34 steke van linkermou, 54 steke van agterpant, 34 steke van regtermou en 27 steke van regtervoorpant op 'n 3,25-mm-breinaald — 176 steke.

Met regte kant voor en 3,25-mm-breinaalde, heg garing vas en brei 4 rye reksteek.
1e (vermin) ry: r8, (r2tes adl, r2tes, r8) tot einde — 148 ste.

Begin met 'n aweregsry en brei 5 rye koussteek.

2e (vermin) ry: r7, (r2tes adl, r2tes, r6) tot 1 st oorbly, r1 — 120 ste.

Brei 5 rye koussteek.

3e (vermin) ry: r6, (r2tes adl, r2tes, r4) tot 2 ste oorbly, r2 — 92 ste.

Brei 5 rye koussteek.

4e (vermin) ry: r5, (r2tes adl, r2tes, r2) tot 3 ste oorbly, r2 — 64 ste.

Brei 3 rye koussteek.

5e (vermin) ry: r1, (r2tes adl, r2) tot 3 ste oorbly, r2tes adl, r1 — 48 ste.

Brei 1 ry aweregs, knip garing af en plaas steke op 'n reserwenaald.

LINKERVOORPANTSTROOK: Met regte kant voor en 3-mm-breinaalde, heg garing aan steke op haakspeld vas en brei 96 rye reksteek. Knip garing af en plaas steke weer op 'n haakspeld.

REGTERVOORPANTSTROOK: Met verkeerde kant van werk voor en 3-mm-breinaalde, heg garing aan steke op haakspeld vas en brei 67 rye reksteek.

Vlg (knoopsgat) ry: r2, gvt, r2tes, r1.

Brei 15 rye reksteek en herhaal knoopsgatry dan.

Brei 13 rye reksteek, moenie garing afbreek nie, en plaas steke op 'n haakspeld.

HALSSTROOK: Met regte kant voor en 3-mm-breinaalde, brei regs oor die 5 steke van regtervoorpantstrook, 48 steke van skouerstuk en 5 steke van linkervoorpantstrook — 58 steke.

Brei 1 ry.

Vlg ry: Regs tot einde en brei 'n knoopsgat soos uiteengesit.

Brei nog 3 rye reksteek en heg af.

AFWERKING: Gebruik 'n droë lap en koelyster en pars breiwerk aan verkeerde kant. Werk voorpantstroke in posisie vas, werk mounate toe en daarna opening onder arms. Werk knope aan.

KAPPIE

Stel 89 steke met 3-mm-breinaalde op en brei 5 rye reksteek.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 32 rye patroonsteek soos uiteengesit vir baadjie, maar verminder 1 steek aan einde van laaste ry — 88 steke.

Brei 4 rye reksteek.

1e (vermin) ry: (r9, r2tes) tot einde — 80 ste.

2e en alt rye: Deurgaans aw.

3e (vermin) ry: (r8, r2tes) tot einde — 72 ste.

Hou so aan, maar brei telkens een steek minder tussen verminderings in elke opeenvolgende herhaling van die verminderry, nog 7 keer altesaam — 16 steke bly oor.

Brei 1 ry aweregs.

Vlg (vermin) ry: (r2tes) tot einde — 8 ste.

Knip garing af, maar laat 'n lang stuk om deur oorblywende steke te ryg, trek goed vas en werk af.

Werk 5 cm van agternaat toe.

OMRANDING: Met regte kant van werk voor, heg garing vas en met 3,25-cm-breinaalde tel op en brei 48 steke eweredig gespasieer rondom halsrand. Heg aweregs-gewys af.

AFWERKING: Pars soos baadjie. Vorm 'n strikkie aan een eindpunt van elk van twee stukke lint en werk die strikkies, een aan elke kant van halsstrook, aan kappie vas sodat lintjies as bandjies kan dien.

STEWELTJIES

Brei twee. Stel 41 ste met 3-mm-breinaalde op en brei 3 rye reksteek.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei die 16 patroonsteekrye soos uiteengesit vir baadjie.

Vlg (vermin) ry: (r3, r2tes) tot laaste steek, r1 — 33 ste.

Brei 1 ry regs.

Vlg (gaatjies) ry: r1, (gvt, r2tes) tot einde. Brei 1 ry. **

Begin met 'n regsry en brei 2 rye koussteek.

Verdeel vir wreef: **Vlg ry:** r22, draai en plaas oorblywende 11 steke op 'n haakspeld.

Vlg ry: aw11, draai en plaas oorblywende 11 steke ook op 'n haakspeld.

Brei 16 rye koussteek en knip garing af.

Met regte kant voor, glip 11 steke aan regterkant van werk op 'n 3,25-mm-breinaald en heg garing vas. Tel op en regs 12 steke uit ry-eindes van wreef, oor wreefsteke r2tes, r7, r2tes, tel op en regs 12 steke aan teenoorgestelde kant van wreef en die 11 steke op haakspeld — 55 steke.

Brei 7 rye koussteek.

Voetvorming: **1e (vermin) ry:** r1, r2tes adl, r19, r2tes adl, r7, r2tes, r19, r2tes, r1. Brei 1 ry regs.

2e (vermin) ry: r1, r2tes adl, r18, r2tes adl, r5, r2tes, r18, r2tes, r1.

Brei 1 ry regs.

3e (vermin) ry: r1, r2tes adl, r17, r2tes adl, r3, r2tes, r17, r2tes, r1.

Brei 1 ry regs.

4e (vermin) ry: r1, r2tes adl, r16, r2tes adl, r1, r2tes, r16, r2tes, r1.

Heg oorblywende 39 steke regsgewys af.

AFWERKING: Pars soos uiteengesit vir baadjie. Werk agternaat en naat onder voetjie toe. Ryg lint deur gaatjies om voor te strik.

VUISHANDSKOENTJIES

Brei twee.

Soos stewartjies tot **, begin dan met 'n regsry en brei 16 rye koussteek, verminder 1 steek aan einde van laaste ry — 32 steke.

Puntvorming: **1e (vermin) ry:** r1, r2tes adl, r10, r2, r2tes adl, r10, r2tes, r1 — 28 ste.

Brei 1 ry aweregs.

2e (vermin) ry: r1, r2tes adl, r8, r2tes, r2, r2tes adl, r8, r2tes, r1 — 24 ste.

Brei 1 ry aweregs.

3e (vermin) ry: r1, r2tes adl, r6, r2tes, r2, r2tes adl, r6, r2tes, r1 — 20 ste.

Brei 1 ry aweregs.

4e (vermin) ry: r1, r2tes adl, r4, r2tes, r2, r2tes adl, r4, r2tes, r1 — 16 ste.

Heg aweregs-gewys af.

AFWERKING: Pars soos baadjie en werk punt- en synaat toe. Ryg lint deur gaatjies om op handrug te strik.